

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Maart 2013



Hoop in 'n onderstebo wêreld

Lees binne...

- Hoop in 'n onderstebo wêreld – 1
- Wat is ons ekonomiese vooruitsigte? – 3
- Ringsvergaderings 2013 – 4
- Lyding in 'n hedendaagse konteks – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Hoop in 'n onderstebo wêreld (Ds Anet Dreyer-Krüger)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Onderstebo wêreld deur Christus regop gekeer
- Bl 3 **Aktuele sake**
Wat is ons ekonomiese vooruitsigte? (Ds Anet Dreyer-Krüger in gesprek met Peet Nienaber)
Nasionale Waterweek 2013
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
Tweeling vier 25 jaar
100 in 2013
Ringsvergaderings 2013
Versigtig optimisties oor die Kerk
'n Positiewe begin vir AIM
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Nou ken ons net gedeeltelik (Ds Tony Simpson)
Beroepe aanvaar
Lyding in 'n hedendaagse konteks (Ds Elritia le Roux)
Wat sien God raak? (Wynand le Roux)
- Agterblad **Oordenking**
Om te hoop ten spyte van... (Ds David Barnard)

Onderstebo wêreld deur Christus regop gekeer

Dr André Ungerer, redakteur, skryf oor die sogenaamde sewe *doodsondes* wat 'n kluisenaar-monnik in die Middeleeue opgestel het. Dante het onder andere hierdie doodsondes gebruik om sy hel se onderafdelings te klassifiseer. Die lys *doodsondes* en die evolusionêre funksie daaragter sien soos volg daar uit: *Wellus* as die dryfkrag om so veel moontlik, so vinnig moontlik en so dikwels moontlik voort te plant. *Gulsigheid* om in die teenwoordigheid van kompetisie so vinnig en so veel moontlik te verorber. *Hebsug* word aangewend om bo alle mededingers uit te styg al beteken dit dat hulle in die proses verarm en verswak word. *Luiheid* is noodsaaklik in die natuur om energie te bespaar. Deur niks te doen nie, berg wesens energie vir lewensnoodsaaklike funksies soos groei, beveiliging en voortplanting. *Woede* en aggressie teenoor jou vyande en mededingers is nodig om die mees gunstige posisie in die rangorde na sukses te verseker. Vriendelikheid en toegeeflikheid is evolusionêre selfmoord. Met *jaloesie* word kompeteerdere niks gegun nie en word alles in die stryd gewerp om teenstanders enige voordeel te ontnem. *Trots* word dikwels as die hoofsonde getipeer omdat dit die grootste dryfveer tot oorlewing en evolusionêre sukses is. Dit gaan oor 'n meerderwaardigheid om bo ander uit te styg en hulle te verneder ten einde eie groei, oorlewing en voortplanting te verseker. In kerktaal sou ons na al hierdie voorbeelde kon verwys as ons sondige natuur.

Hierteenoor staan die evangelie van Jesus Christus in skille kontras, met die liefdesgebod wat as remedie vir die sondige natuur aangebied word. Voeg daarby die vrug van die Gees (Gal 5: 23) wat liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing insluit.

Dit is juis na hierdie wêreld dat Christus gekom het. Doodsondes in vele gestaltes wat in sy tyd op aarde gewoed het, woed vandag steeds voort. Ons as Christene het die opdrag om die liefdesgebod te leef in alle sferes van die samelewing. Die waardes wat die Bybel voorskryf, mag in die oë van die wêreld swakheid wees, maar dit maak ons juis sterk want dit bevry ons van die verknegting van ons sondige natuur. In Christus word ons van ons doodsbestaan verlos en word ons onderstebo bestaan regop gekeer.

Hoop in 'n onderstebo wêreld

Ds Anet Dreyer-Krüger skryf oor die Suid-Afrikaanse prentjie, ekonomies en polities gesproke, wat tans *skrikwekkend donker en troebel* lyk. Ons sonskyn-reënboog-en-oorvloed-land is op sy kop gekeer. Dink maar aan wanpraktyke soos die ineenstorting van infrastruktuur, chaos in die onderwys, korrupsie met gepaardgaande bedrog, die gebrek aan

vaardighede, wanbesteding, en die ontstuiinghede in die mynbedryf – en die moontlikheid bestaan dat die situasie net kan vererger. Werêldwyd lyk die situasie nie veel beter nie. Ekonomiese ineenstorting is oral sigbaar, mense ly fisies en psigies onder die druk van finansiële laste.

Dit is die harde werklikheid wat gelowiges, net soos alle mense op aarde, in die gesig moet staar. Die deurmekaar, op-sy-kop, onderstebo wêreld maak mense pessimisties en terneergedruk. Sulke situasies bring egter nie noodwendig net hopeloosheid en moedeloosheid nie. Vir ons as gelowiges is dit soms goed om heeltemal omgedop te word.

Verskillende situasies in jou lewe kan jou wêreld as't ware omkeer, jou perspektiewe omkeer, wat jou dwing om anders na die lewe te kyk. Dink maar aan gebeure soos die dood van 'n geliefde, die diagnose van kanker of 'n ander ongeneeslike siekte, liefdesteleurstellings, egskeidings, en – om dit van toepassing te maak op die lewe van vandag – dinge soos ekonomiese druk, werkverlies, bankrotskap. Dit alles verander jou wêreld, maar dit dwing jou ook om 'n ander perspektief te kry en weer nuwe sin in jou lewe te vind.

Wanneer ons daaglikse lewe omgekeer word, is dit asof ons uiteindelik vir God plek gee om die kragtigste in ons lewens te werk, want dan begin dinge wat altyd vir ons so belangrik was, nie meer so belangrik lyk nie. Dan begin ons raaksien wat werklik sin aan die lewe gee. Die Bybel praat dikwels van 'n woestynperiode, soos Moses se woestynperiode as voorbereiding vir sy opdrag om die volk uit Egipte te lei, die volk se 40 jaar in die woestyn voordat hulle die beloofde land in besit kon neem, Jesus se 40 dae in die woestyn voordat Hy met sy werk kon begin. 'n Woestynperiode stroop jou van jou gewaande sekerhede en leer jou om net van God afhanklik te wees.

Wat is ons ekonomiese vooruitsigte?

Ds Anet Dreyer-Krüger het 'n onderhoud gevoer met Peet Nienaber, afgetrede hoof- uitvoerende beampte van Xstrata Plc se Allooi Besigheidseenheid. Sy het hom gevra wat volgens hom vir Suid-Afrika voorlê, en watter raad ekonome en ander kenners vir ons het.

Realisties gesproke gaan Suid Afrika deur 'n uiters uitdagende tydperk. Ons land is nou presies waar die Verenigde Koninkryk was toe Margaret Thatcher aan bewind gekom het. In 'n sekere sin kan aanvaar word dat die vakunies die land regeer. Dit is 'n uiters verwarrende en onseker tyd waarin ons onself bevind. Toonaangewende lande beleef 'n ongelooflike krisis om die wankelende ekonomieë van die sogenaamde PIGS-lande (Italië, Spanje, Ierland, Portugal en Griekeland) te probeer help, sonder om self ten gronde te gaan. Ekonomiese insinking is reeds sigbaar in Duitsland, Amerika en China wat die wêreld se ekonomiese enjinkamers is. Die vraag na kommoditeite neem af en 'n ooraanbod veroorsaak dat pryse daal, terwyl inflasie die koste laat toeneem. Die arbeidskoste wat jaar na jaar meer as inflasie toeneem sonder gepaardgaande toename in produktiwiteit, laat dan natuurlik die winsgewindheid van die produk sterk afneem.

Op die mikrofront lyk dit, om die minste te sê, skrikwekkend donker en troebel. Indien daar nie op politieke gebied sterk optrede kom om bestaande probleme en wanpraktyke soos die ineenstorting van infrastruktuur; chaos in die onderwys, korrupsie met gepaardgaande bedrog, 'n gebrek aan vaardighede en wanbesteding hok te slaan nie, gaan die situasie net vererger.

Een of twee van die volgende dinge moet eers gebeur voordat daar 'n draaipunt in die ekonomie kan kom en werkverskaffing weer normaliseer en die ekonomie kan groei. Die regering moet verander, of die beleid van die regering moet verander, om weer stabiliteit en beleggersvertroue te vestig. Suid-Afrika moet soos Australië en Kanada 'n plek wees waar beleggers kapitaal in mynbou wil belê. Die wisselkoers van die rand teenoor die dollar moet drasties verswak. Die wêreldmarkte, in terme van kommoditeitsverbruik, moet drasties toeneem. Om dit te laat realiseer, moet die ekonomiese krisis in Europa, Amerika en China opgelos word.

As 'n mynboukenner is mnr Nienaber realisties en sien hy die gevaartekens. Sy raad aan ons mense, gemeenskappe en kerke is: Wees uiters versigtig met enige spandering van geld; wees versigtig met enige belegging; vermy skuld; trek die gordel in; vermy luukshede; spandeer net geld wanneer dit absoluut noodsaaklik is; span saam om dinge te doen om die las te versprei. Maar die belangrikste wat ons vir mekaar moet sê: Ons glo mos in God, en daarom is daar altyd hoop. Ons lewens, ons sweet, ons harde werk, ons toekoms is per slot van sake in God se hande. Ons land en volk het al baie krisisse oorleef deur harde werk, gebed, toewyding aan God en daaglikse afhanklikheid van Hom, ons hemelse Vader. Hierdie sekerheid alleen gee ons hoop vir die toekoms.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor **Nasionale Waterweek** van 18 tot 24 Maart, ons **tweelingpredikante Ferdie en Freddie Nortje** wat in Februarie hul 25-jaar-ampsjubileum gevier het, die **Inligtings- en Besprekingsvergadering** van 13 Februarie, en die amptelike opening van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) op 12 Februarie. Kry in hierdie uitgawe die datums van 2013 se **Ringsvergaderings**, en lees ds Elritia le Roux se weergawe van lyding in 'n hedendaagse konteks, spesifiek in Namibië. **Ds David Barnard** van Magaliesmoot se oordenking oor om te hoop ten spyte van... wys ons op God se blywende teenwoordigheid in ons stukkende lewens.